Langenhovenpark
Die GEMEENTE
vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## 4 MEI 2025

## Eredienste

### SONDAG 4 MEI

**09:00 Erediens (Doop)**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Johannes 21: 1-19 (1983 vertaling)
**Tema:** Sal ons Jesus herken as hy aan ons verskyn?

**18:00 Aanddiens**
**Liturg:** Ds Leon Oosthuizen
**Teks:** Johannes 21: 1-19 (1983 vertaling)
**Tema:** Sal ons Jesus herken as hy aan ons verskyn?

## DOOP

***Cara-Marie Fourie*** dogter van Quentin en Lize-Louise Fourie.

### SONDAG 11 MEI

**09:00 Erediens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer

**18:00 Aanddiens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer

### JEUG

**09:00** Kleuter- en Kinderkerk
**10:00** JOG, TvC en Belydenisklas

## Lief en Leed

Alida Jansen van Rensburg, Chris Barnardsingel se skoondogter is oorlede.
Anton Schlebusch, WEG Louw, se susterskind is oorlede.
Esther de Wet se troosdiens vind plaas op Saterdag 10 Mei om 11:00.
**Verjaarsdae 80 en ouer:**
Du-allan Lessing, Krokos, verjaar 8 Mei (84)

### POEDINGTAFEL – KERMIS

24 September hou ons weer Kermis en wil ons verseker dat daar weer heerlike poedings te koop gaan wees.
Ons benodig mense wat kan help met die maak van poedings – warm of koud. Gee solank jou naam en nommer by die kerkkantoor op of kontak Henk 0843821967 as jy 'n lekker poeding gaan maak.

### AKSIE AFGETREDENES

**Dinsdag 6 Mei 10:00 Kleinkerk**
Ons vier Afrikaans se 100ste bestaansjaar
**Spreker**: Leana Lategan
**Tema**: Afrikaans 100
Van Wandelstaf tot Septer
Afgetredenes is hartlik welkom, kom kuier saam en geniet tee en verversings.

## SANGGROEP

Dit is weer tyd om stemme los te maak vir die Pinksterdienste in Junie. Die groep wat tydens die Kerssangdiens opgetree het, het al 'n goeie idee gegee van al die talent in die gemeente.
As iemand belangstel om saam te sing, kontak vir Esther 082 772 7992

### Toegang tot die kerkterrein

Hek in Boerneefstraat:- Skakel 065 964 0101 vir toegang of as u gedurende die diens die terrein moet verlaat.

## AKSIE OLYFTAK

**Dinsdag 13 Mei 10:00 Kleinkerk**

Kom maak van die dienste gebruik soos voetsorg, bloeddrukmeting en suiker toetsing en kom kuier lekker saam.

## HANDDOEKE

Aksie Olyftak benodig gebruikte badhanddoeke om op die vloer onder die voetspa's te gooi.  Lewer by die kerkkantoor af.

# DANKOFFER BYDRAES

Daar is verskeie maniere waarop u, u maandelikse dankoffer kan gee. Die volgende inligting mag van hulp wees.  Kontak gerus die kerkkantoor indien daar enige vrae is.

**1. ACB stelstel**
Vorms is by die kerkkantoor beskikbaar

**2. Bankinbetalings of Internetoorplasings**

| | | |
|---|---|---|
| Rekeningnaam | : | NG KerkLangenhovenpark |
| Bank | : | ABSA bank |
| Takkode | : | 632005 |
| Tiperekening | : | Tjekrekening |
| Rekeningnommer | : | 1570 590 630 |

**3. Dankofferkoeverte**
Koeverte is by die deure en die Kerkkantoor beskikbaar

**4. Inbetalings by kerkkantoor**
U kan ook u dankoffer tydens kantoorure by die kerkkantoor inbetaal.  Maak net seker dat u 'n kwitansie ontvang en dat dit gemerk is  "Dankoffer".

**5. Snapscan**
SnapScan is gratis beskikbaar op iOS en Android.

Internet skakel: https://pos.snapscan.io/qr/PXMP30504

SnapScan kode is in die banke aangebring vir u gerief, indien u verkies om eerder daarvan gebruik te maak ipv om kontant saam te bring.

Snap here to pay
SnapScan

# *HANDWERKTAFEL 2025*

Dit is weer tyd om te begin dink oor bydraes vir hierdie jaar se handwerktafel. As jy graag iets moois met jou hande maak, het ons jou kreatiewe bydrae nodig. Kom ons woeker in 2025 met ons talente om van die handwerktafel 'n reusesukses te maak!

**Hier is 'n paar voorstelle:**

- Items vir die kinders – lappoppe, sagte speelgoed, juweliersware, *Alice-bands* en *scrunchies*, speletjies, houtkarretjies en -geweertjies, poppies met handgemaakte klere, ens. Ons ondervind veral 'n tekort aan items vir seuns.
- Onthou dat die handwerktafel nie net naaldwerk, gebreide en gehekelde items verkoop nie. As jy ander stokperdjies soos kralewerk, macramé, weefwerk, découpage, leerwerk, houtwerk, mosaïekwerk, ens. beoefen, maak gerus vir ons iets vir die tafel!
- Houtwerkitems vir die huis – lampe, slaaibakke, sout- en peperstelle, ens.
- Leeritems soos babaskoentjies, sleutelhouers, beursies, ens.
- Almal voel maar die ekonomie druk – daarom kan ons gerus ook dink oor kleiner, meer bekostigbare items soos versierde haarknippies en *scrunchies*, sepies, mooi notaboekies, klein items om vir *scrapbooking* te gebruik, ens.
- Baba- en popklere (gebrei, gehekel of met die naaimasjien gemaak)
- Oorgetrekte klerehangers is altyd 'n staatmaker op ons tafel, en ons voorraad is nou laag.
- Houtitems wat met 'n lasersnymasjien uitgesny is
- Handgemaakte sepies en kerse
- Wasgoedpennetjiesakke
- Mooi spoelklippe of ander versierings vir die tuin (potplantjies is ook welkom!)
- Kwiltwerk-artikels
- Items uit afvalmateriaal, soos yskasmagnete wat van bottelproppe gemaak is, ens.
- Geborduurde teenette
- Artikels wat gemaak is van materiaal met Afrikaanse woorde op, of shweshwe-materiaal, is altyd gewild.
- As iemand dalk vir ons gebruikte poppe in 'n goeie toestand wil skenk, kan ons dit ook vir die kinderafdeling benut.



**Jy kan dalk ook op die volgende maniere help:**

- Kontantbydraes is altyd welkom.
- Ander bydraes (bv materiaal, wol, stopsel of poppe wat ons vir die tafel kan gebruik) is ook welkom.

**Martie Venter WhatsApp: 079 358 1832 e-pos: martiev63@gmail.com**







